COVID-nuusflits

2 Oktober 2020
nommer 14

COVID-verslag

Daar is twee leerders wat as voorsorgmaatreël in isolasie is.

Die HMS Bloemhof se veiligheidsprotokol bly onveranderd en ons herinner ouers en leerders aan die volgende:

- Die streng op- en aflaaibeleid geld steeds; ouers word nie toegelaat om op die skoolgronde te parkeer nie en mag nie in die middae hul dogter(s) op die skoolterrein aflaai nie.
- Die siftingsproses gaan soggens in die Sentrum voort en leerders wat siek voel, moet tuis bly.
- Die dra van ’n masker wat die mond én neus bedek, ook tydens pouses, is verpligtend.
- Sosiale afstande moet te alle tye behou word.

Kontaksessies met opvoeders: Veranderinge aan die graad 9-klasrooster

Die behoefte aan meer kontaktyd met die graad 9’s het ons verplig om aanpassings aan hulle klasrooster te maak. Graad 9-leerders sal vanaf 5 Oktober drie dae in die week skool bywoon (Woensdag, Donderdag, Vrydag) en hul nuwe rooster is nou op die d6 en op die webblad beskikbaar: *www.bloemhofschool.co.za/klasrooster*

Graad 12-leerders sal vanaf 7 Oktober nie skool op Woensdae bywoon nie, tensy opvoeders met klasse/individue spesifiek self reël.

Vanaf 5 Oktober geld die volgende vir skoolbywoning:

- Maandae: Graad 8, 11 en 12
- Dinsdae: Graad 8, 10 en 12
- Woensdae: Graad 9, 10 en 11
- Donderdae: Graad 9, 10 en 12
- Vrydae: Graad 9, 11 en 12

LET WEL: Daar was een navraag oor die terugbring van alle grade. Die grootste uitdaging om steeds binne die protokol en WKOD-direktief te bly, is die koshuis. Ons kan geensins nou al die grade terugbring nie; die ruimte is te beperk om binne die protokol te bly. Ons is bewus daarvan dat ander skole dit wel doen, maar kan ons nie uitspreek oor hulle nakoming van die veiligheidsprotokol nie.

Skooluniform

Leerders word herinner dat ons vanaf 5 Oktober somersdrag dra.

Eksamenrooster

Die November-eksamenrooster word tans gefinaliseer en sal volgende Vrydag (9 Oktober) beskikbaar wees.

Volgens ons eksamenbeleid word die rooster een maand voor die aanvang aan die leerders deurgegee en op die d6 en webblad geplaas. Ons rig ’n vriendelike versoek dat ouers nie navraag oor die November-eksamenrooster vir graad 8-11 sal doen nie.

Graad 12-Rapporte

Die matrieks sal hulle derde kwartaalrapporte saam met die ander grade op 23 Oktober elektronies ontvang.

Periode 7: Ekstraklasse teenoor sport- of kooroefening

Ouers en leerders word daarop gewys dat akademie tans voorkeur geniet. Daarom vra ons dat leerders wat hulp benodig of deur onderwysers gevra is om klasse gedurende periode 7 by te woon, verskoning sal vra van sport- of kooroefening. Aanwesigheidskontrole by hierdie aktiwiteite word wel gedoen om sinvolle beplanning moontlik te maak, maar geen leerder wat om akademiese redes afwesig is, sal op enige manier by sport- of kooroefeninge gepenaliseer word nie.

Hulpklasse vir graad 8-leerders

Hulpklasse in Wiskunde vir graad 8’s word vir ’n geruime tyd reeds elke Maandag en Dinsdag in periode 7 in kamer 3 aangebied. Leerders moet self enige navrae hieroor direk aan me. Elbie Keller (elbie@bloemhofschool.co.za) rig.

Bloemhof Tutor

Leerders wat ’n behoefte het om deur ’n medeleerder getutor te word, of self bereid is om as ’n tutor vir ’n ander leerder te dien, kan op die webwerf by *www.bloemhofschool.co.za/tutor* aansoek doen.

Sport

Die afgelope vier weke is kondisionering suksesvol ná skool aangebied en goed bygewoon. Tennisoefeninge is in volle swang en vanaf 5 Oktober hervat ons atletiek- en swemprogram. Oefentye is op die kennisgewingborde buite die sportkantoor en op die webblad beskikbaar:
www.bloemhofschool.co.za/oefentye

Hoë prestasie hokkie- en netbalprogramme vind vanaf 5 Oktober op Maandae tot Donderdae tussen 15:15 en 16:15 plaas. Weens die beperkte groottes van oefengroepe en sosiale afstande wat gehandhaaf moet word, is spelers persoonlik uitgenooi om hieraan deel te neem.

Oefenkampe vir atletiek, swem, waterpolo, hokkie en netbal word vir Desember beplan en die sportkantoor is tans besig om dié reëlings te finaliseer. Tentatiewe datums waarna gekyk word, is 4 tot 9 Desember. Sodra daar op finale datums en programme besluit is, sal dit gekommunikeer word.

Civviedag ten bate van kankernavorsing

Oktober is Borskankerbewusmakingsmaand en Phoenix hou ’n Civviedag.

- Woensdag, 7 Oktober
- Bring R5 – gee dit vir jou klaskaptein
- Dra iets pienk
- Gewone kleredragreëls soos met civviedae geld.